Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JUNIE 2018

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

HANGKLIP-KLEINMOND SE SAKE-ONTBYT

EKONOMIESE ONTWIKKELING BO-AAN SPYSKAART

Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee, die direkteur van ekonomiese ontwikkeling en toerisme Soli Madikane en mederaadslede Fanie Krige, Grant Cohen en Charmaine Resandt het onlangs by 'n groep sakemanne en -vroue vanuit Kleinmond aangesluit vir 'n ontbyt en gesprek oor Hangklip-Kleinmond se bydrae tot die Overstrand se ekonomie. Die ontbytbyeenkoms is aangebied deur Hangklip-Kleinmond se Sake-forum.

Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee (agter) luister aandagtig terwyl Overstrand se direkteur van ekonomiese ontwikkeling en toerisme Soli Madikane die ontbytgangers toespreek.

In sy toespraak by die byeenkoms het die Burgemeester gesê die Hangklip-Kleinmond-area met sy baie en uiteenlopende aanloklikhede maak 'n beduidende bydrae tot die ekonomie van die Overstrand:

- Clarence-rylaan, een van die wêreld se skilderagtigste roetes, loop regdeur die middel van hierdie area en bring nie net toeriste na die Hangklip-Kleinmond-area nie maar na die Overstrand in die algemeen
- Die Hangklip-Kleinmond-area val binne die Kogelberg-biosfeer wat Suid-Afrika se eerste geregistreerde biosfeer was en vanaf Gordonsbaai tot Kleinmond strek. Hierdie biosfeer dek ongeveer 18 000 hektaar en is een van slegs agt UNESCO-erfenisterreine in Suid-Afrika.
- Bettysbaai is die tuiste van 'n kolonie Afrika-pikkewyne wat hulle by die ou Waaigat-walvisstasie by Stony Point gevestig het. Hierdie kolonie is die enigste een waar hierdie unieke spesie oënskynlik gedy terwyl kolonies elders in die land klaarblyklik aan die kwyn is.
- Gegewe die area se natuurskoon het 'n aantal prominente kunstenaars, akteurs, skrywers en fotograwe hulle hier kom vestig. Hulle verleen 'n tipe bekoring aan die area en lok 'n groot groep aanhangers wat hierdie kunstenaars se werk eerstehands wil ervaar. Hier kon Coetzee nie help om uit te wys watter riem dit vir hom onder die hart is om te sien hoeveel van Suid-Afrika se toprestaurante hul erdeware nogal hier in Kleinmond by 'n bekende pottebakker aankoop nie.
- En dan is daar natuurlik ook die Arabella Hotel en Spa met sy uitstekende konferensiefasiliteite, die bykomende pluspunt van 'n Blouvlag-geakkrediteerde strand en die onlangse ontwikkelings in Kleinmond se hawegebied.

"Plaaslike sakeondernemings vervul onteenseglik 'n onontbeerlike rol in die groei en ontwikkeling van ons ekonomie. Daar is egter 'n reeks faktore wat 'n impak het op ondernemings en hul potensiaal om te groei. Die belangrikste hiervan is die markte wat hulle bedien. Sakeondernemings groei gegrond op hul vermoë om in die markplek mee te ding. Plaaslike sakeondernemings is duidelik die dryfkragte agter werkskepping, die verskaffing van dienste en produkte en die verbetering van ons plaaslike inwoners se lewensgehalte, terwyl hulle tegelyk die ervarings van toeriste in ons area versterk.

By die ontbytbyeenkoms wat onlangs gehou is deur Hangklip-Kleinmond se Sake-forum by Kleinmond se gholfbaan was Hester en Lourens van der Merwe van Overberg Brochure Management, Anecia Abrahams van Hangklip-Kleinmond-toerisme, Burgemeester Dudley Coetzee, raadslid Charmaine Resandt en die voorsitter van Hangklip-Kleinmond se Sake-forum Kobus le Roux.

"Juis daarom sal ons as plaaslike owerheid aanhou om die plaaslike sake-forum te ondersteun in hul voorneme om toe te sien dat sakeondernemings, of hulle nou groot of klein is, 'n sê het in hoe hierdie pragtige deel van ons kus tot sy volle potensiaal en tot voordeel van almal ontwikkel word," het die Burgemeester gesê.

'N RITS ORKESUITVOERINGS DEUR FYNARTS IN JUNIE

FynArts HERMANUS

'n Program met wonderlike musiek deur Bach, Telemann, Pachelbel en Vivaldi getitel "The Best of Baroque" sal op Vrydag 9 Junie aangebied word deur Camerata Tinta Barocca, Suid-Afrika se gesogste barok-orkes. Op Saterdag 9 Junie tree Richard Cock as dirigent van die **FynArts-feesorkes** op met **Timothy Moloi** (bariton) en **Lauren Dasappa** (sopraan) wat by hulle aansluit. Geniet 'n musikale reis wat wissel van New York tot Leonard Cohen se Halleluja met twee dinamiese musikale artieste wat al by groot internasionale en nasionale geleenthede opgetree het. In **'n Fees van Opera en Operette** op Sondag 10 Junie gaan Richard Cock weer eens pragtige en bekende musiek aanbied. Die bekroonde en populêre soliste **Cecilia Rangwanasha** (sopraan) en **Johannes Slabbert** (bariton) sal by die groot orkes en massakoor aansluit. Kaartjies is beskikbaar by Hermanus-toerisme, terwyl kaartjies en volledige programme ook aanlyn beskikbaar is vanaf **www.hermanusfynarts.co.za**.

OVERSTRAND SE MENINGSOPNAME OOR KLIËNTTEVREDENHEID

As deel van Munisipaliteit Overstrand se voorneme om 'n diens van hoogstaande gehalte aan sy kliënte te lewer, wil ons graag onder die publiek se aandag bring dat 'n meningsopname oor kliënttevredenheid in die loop van Mei en Junie 2018 uitgevoer gaan word. Hierdie meningsopname gaan oral in Overstrand plaasvind en word toegespits op Overstrand se munisipale kliënte en tersaaklike belanghebbers. Die navorsing gaan deur FEM Research Consultants onderneem word, en Munisipaliteit Overstrand is van voorneme om die resultate en aanbevelings wat uit hierdie studie voortspruit, te gebruik om sy kliëntediens en verwante inisiatiewe uit te bou en te verbeter. Juis daarom versoek Munisipaliteit Overstrand asseblief u samewerking wanneer u deur 'n lid van die navorsingspan genader word. Baie dankie vir u bereidwilligheid om ons te help om ons dienslewering aan u te verbeter. *Om nadere besonderhede rakende hierdie kennisgewing, kontak asseblief die kommunikasiedepartement by 028 313 8911.*

NOMINASIES WORD INGEWAG

Ons doen 'n beroep op mense oral in Overstrand om nominasies vir 2018 se Burgemeesterstoekennings voor te lê. 'n Glansryke geleentheid sal op 4 Oktober deur Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee gehou word ter erkenning van daardie individue, groepe en organisasies wat 'n positiewe impak op hul gemeenskappe gehad het en wat konsekwent bereid is om meer as hul plig te doen. *Lede van die publiek is welkom om 'n individu of organisasie te nomineer vir enige van die kategorieë wat hieronder gelys word:*

Kategorie 1: Presteerders van Uitnemendheid
Kategorie 2: Vrou van die Jaar
Kategorie 3: Omgewingsbewaring
Kategorie 4: Entrepreneuriese Prestasies
Kategorie 5: Toerisme-ontwikkeling
Kategorie 6: Junior Uitblinker

Skakel Doret Taljaard by 028 313 8058 om 'n afskrif van die nominasievorm te versoek. Voltooide vorms moet teen nie later nie as 31 Augustus 2018 per e-pos gerig word aan dtaljaard@overstrand.gov.za of per hand afgelewer word by die Kantoor van die Burgemeester.

DIEN 'N BOUPLAN IN

As jy van plan is om 'n nuwe huis te bou of aan jou bestaande een aan te bou, moet jy sorg dat jou bouplanne deur die munisipaliteit goedgekeur word. Voordat jy 'n klaargeboude huis koop, is dit wys om na die eiendom se goedgekeurde bouplanne te kyk om te sien of alles wettig en in orde is. Onthou, sodra jy 'n eiendom koop, word jy regtens die eienaar daarvan en rus die onus op jou om seker te maak dat alles in orde is en voldoen aan die Nasionale Wet op Bouregulasies en Boustandaarde (Wet 103 van 1977) en enige ander toepaslike wetgewing.

- Aansoekvorms verwant aan boudienste is beskikbaar op Overstrand se webwerf www.overstrand.gov.za: Klik op "Documents/Forms/Building Services".

BOUPLANNE

Alle bouplanne is beskikbaar by boudienste se kantore en kan te enige tyd gedurende kantoorure besigtig word. Afskrifte van bouplanne is ook beskikbaar (gelde betaalbaar), maar slegs eienaars of iemand met skriftelike toestemming/bevestiging van die betrokke eienaars sal toegelaat word om afskrifte te bekyk of te ontvang. Die goedkeuring van bouplanne kan tot 21 werksdae neem, mits daar geen probleme op die planne gevind word nie. Kontak die onderskeie boudienste-afdeling by jou naaste administrasie om te hoor op water datums bouplanvergaderings gehou word.

- SLEGS HERMANUS-ADMINISTRASIE - Bouplanvergaderings word elke Maandag gehou. Die afsnytyd vir die indiening van planne vir die volgende Maandag is 15:30 op die vorige Woensdag.

ERFENIS

Geboue ouer as 60 jaar word beskerm deur die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999). Enige veranderings aan sulke geboue is onderworpe aan kommentaar vanaf die komitee belas met plaaslike erfenis en estetika wat dan (deur die eienaar) aan Erfenis Wes-Kaap vir goedkeuring gestuur moet word. Daarna moet die planne teruggestuur word na die boudienste-afdeling vir goedkeuring. Voordat jy dus probeer om enige veranderings aan 'n huis/gebou aan te bring wat jy vermoed 60 jaar of ouer is, is dit wys om eers die boudienste-afdeling te raadpleeg om die erfenisstatus van die huis/gebou of terrein te bevestig.

DIE PROSES

Dien twee stelle planne (in kleur) in tesame met 'n volledige afskrif van die titelakte en 'n volledig voltooide SANS-aansoekvorm. Wanneer die voormelde dokumente ingedien is, sal die boudienste-afdeling die bouplangelde en die bouersdeposito (waar verlang) bereken.

- Die boudienste-afdeling sal jou inlig wanneer jou planne gereed is om af te haal.

VERPLIGTE INSPEKSIES

Geen gebou mag geokkupeer word alvorens 'n okkupasiesertifikaat aan die eienaar uitgereik is nie.

1. Fondasie-inspeksie

Moet versoek word wanneer die gebou se fondasie-uitgrawings uitgelê en uitgegrawe is ooreenkomstig die goedgekeurde plan (wat op die terrein beskikbaar moet wees.

- Alle grenspenne moet sigbaar wees

Die fondasie-uitgrawings moet altyd deur die bou-inspekteur geïnspekteer word, selfs al is 'n professionele ingenieur aangestel. 'n Inspeksievorm moet 'n dag vóór die inspeksie by die boudienste-afdeling ingedien word.

2. Rioleringsinspeksies

Moet versoek word wanneer die rioleringswerk op die eiendom afgehandel is en die pype oop lê vir inspeksie.

3. Tenkinspeksies

Moet versoek word wanneer die riooltenk (óf 5 000ℓ óf 10 000ℓ) voltooi is. Dit moet deur die boudienste-afdeling geïnspekteer word voordat die bedryfsdepartement die tenk kan toets en konnekteer. Let wel: Geen plastiektenks sal toegelaat word nie.

4. Finale inspeksie

Moet versoek word wanneer die gebou heeltemal voltooi is. Sekere sertifikate kan deur die afdeling aangevra word alvorens die inspeksie goedkeur kan word:

- Ingenieursertifikaat vir die dakstruktuur
- Beglasingsertifikaat vir alle nuwe glas wat geïnstalleer is
- Gasinstallasie- / Gesondheid- en Veiligheidsertifikaat vir gas (wat deur 'n geregistreerde installeerder geïnstalleer moet word)
- Argitek se Nakomingsertifikaat wat ook die nuwe energiedoeltreffendheidsregulasies (SANS 10400 PART XA) dek.

Nadat die finale inspeksie goedgekeur is, sal die okkupasiesertifikaat uitgereik en die bouersdeposito (indien van toepassing) terugbetaal word. Let wel: Die bouersdeposito word in die reël teen jou munisipale rekening gekrediteer en nie in kontant terugbetaal nie.

Waar om die boudienste-afdeling te vind:

HERMANUS-ADMINISTRASIE
- Patersonstraat 16, Huis nr. 2
- Tel: 028 313 8089 • tfisher@overstrand.gov.za

GANSBAAI-ADMINISTRASIE
- Kapokblomstraat 1 • Tel: 028 384 8321
- mcrafford@overstrand.gov.za

STANFORD-ADMINISTRASIE
- Koningin Victoria-straat 17 • Tel: 028 341 8500
- ncornelius@overstrand.gov.za

KLEINMOND-ADMINISTRASIE
- Vyfde Laan 37 • Tel: 028 271 8427 • mbosman@overstrand.gov.za

KYK UIT VIR DIE PIENK BOEIE!

Die bemanning van NSRI-stasie 17 Hermanus het 'n spesiale aand gehou om die donateurs vir die oorhandiging van die pienk reddingsboeie te bedank. Hier verskyn die senior bestuurder: operasionele dienste vir die Hermanus-administrasie Jean de Villiers (links), Mike en Elaine Bayer van The Beanery met hul kinders, Seugnet Martin en Lilani Radley van Wooden Ways en Jacques Mangiagalli van Hermanus Tafelronde 267 sowel as die NSRI se Deon Langenhoven. Ongelukkig kon Holly Bellingham van Sumaridge, Ryno van der Berg van BDC Wireless, DeWaal Steyn van Village News, die span van Talisman Tool Hire, Drikus en Wietske de Wet, sowel as Suzanne en die span van Serendipity Bar by De Kelders nie die funksie bywoon nie.

Baie mense is besorg dat die pienk boeie van die tekens verwyder sal word maar, soos te verwagte, blyk dit nie 'n groot probleem te wees nie. Die pienk boeie wat langs Kleinmond se riviermond verwyder is, is (gelukkig) binne dae terugbesorg. "Vir hierdie projek om te slaag, moet gemeenskappe eienaarskap aanvaar van die boeie. Sodoende kan ons saam lewens red," het Langenhoven gesê.

SPANGEES VIER HOOGTY TYDENS OVERSTRAND SE SPORTFEES!

Die opwindende eindstryde in Overstrand se sportfees wat op Saterdag 21 April by Hawston se sportgronde gehou is, het weer eens bewys watter fantastiese sporttalent in die Overstrand bestaan. Op die rugbyveld het Hawston met 52-24 oor Kleinmond getriomfeer. In die TWINTIG20-krieket-formaat is Kleinmond eerste ingestuur en het 56 lopies behaal. Met net een paaltjie plat, het Hawston in die agste boulbeurt gewen. Hermanus se netbalspan het die Netbaluitdaging teen hul mededingers van Mount Pleasant gewen. Gansbaai het daarin geslaag om die "Legends"-sokkertrofee vir senior spelers buit te maak. Young Ideas het in die sokkereindstryd teen Span iThemba geseëvier. Beide spanne is van Zwelihle.

WATERBEPERKINGS IN HERMANUS: Stand van sake soos op 30 April 2018

Hermanus het 29,2 mm reën gedurende April 2018 gehad, wat neerkom op 'n totaal van 137,8 mm sedert 1 Januarie 2018. Die langtermyngemiddelde jaarlikse reënval vir Hermanus is 620 mm per jaar. Gedurende April 2018 het Hermanus se gemiddelde daaglikse vraag na water 9,3 miljoen liter per dag beloop, vergeleke met 10,8 miljoen liter per dag gedurende April 2017. Dit kom neer op 'n besparing van 14,2% (of 46,2 miljoen liter water) gedurende April vergeleke met dieselfde maand verlede jaar. Tariefverhogings in Hermanus om waterverbruik te beperk sal maandeliks in oënskou geneem word

- Die Buffelsrivierdam, wat water aan Rooi-Els, Pringlebaai en Bettysbaai verskaf, staan steeds op 80,5% van sy kapasiteit, terwyl die Kraaiboschdam in Gansbaai op 76,6% en die Pearly Beach-dam op 100% staan.
- Tot op hede word die boorgate wat Hermanus, Stanford, Baardskeerdersbos en Buffeljagsbaai van water voorsien nog nie negatief deur die droogte geraak nie.

Munisipaliteit Overstrand sal aanhou om die watervoorsieningsituasie in alle gebiede onder sy jurisdiksie nougeset te moniteer, en bykomende maatreëls sal ingestel word soos en wanneer nodig.